VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

22 Aug	**Charlene Buys,** Wyk 17
	AJ van Niekerk, Wyk 3
24 Aug	**Blanche du Plessis,** Wyk 12
25 Aug	**Ricart Boneschans,** Wyk 16
26 Aug	**Ettie du Plessis,** Wyk 7
27 Aug	**Helena Krüger,**. Wyk 1

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom.

Kollekte: Deputate Jeugsorg

Doel: Ondersteuning vir die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad ia afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die harde-kopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes) .



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 31 Sondag 22 Augustus 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 9 **Paul Schutte** en wyk 10 **Flip Mostert.** Diakens: Wyk 9 **vakant** en wyk 10 **Gerhard Willemse.**

EREDIENSTE Albei dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE OOK PER WHATSAPP

Johan-Louis Coetzee, **Jan-Adriaan Eloff** en **Ruan Nell** ontvang vandag die geleentheid om openbare belydenis van hulle geloof te doen. Ons is saam met die jongebroers dankbaar dat die Here hulle deur sy genade tot hiertoe gelei het en ons deel graag in hulle vreugde vandag en bid hulle die ryke seën van die Here op die geloofspad wat vir hulle voorlê, toe. Hartlik welkom aan dié jongebroers se geliefdes wat vandag saam met ons in hulle dankbaarheid en vreugde deel.

Woordbediening: Daniël 1.
Fokusverse: Daniël 1: 6 - 9.
TEMA: ***Die hemelse Koning is getrou, lewe daarom roepingsbewus in donker tye jou geloof uit!***
Sing: Psalm 71:1, 4, 9, 10; Psalm 119:3, 4; Psalm 34:6, 7; Psalm 20:2; Skrifberyming 73:1, 2 (Tema 14 - 1).

AAND: Woordbediening: Eksodus 16: 1 - 21; Deuteronomium 8: 2 - 4; 10 - 18.
Fokusverse: Eksodus 16: 4, 6, 12; Deuteronomium 8: 3, 18.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 50.
TEMA: ***Ter wille van die eer van u Naam, versorg ons!***
Sing: Psalm 105: 1, 2, 22; Psalm 145: 9, 10; Psalm 146: 1, 2, 3, 5.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Deputate Jeugsorg*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir **prof. Callie Coetzee** wat Woensdag 'n prosedure aan sy oog sal ondergaan. Mag ons hemelse Vader die prosedure seën tot eer van sy Naam en mag daar vir u lewenskwaliteit daardeur gegee word.

VAN ONS KERKRAAD

Die **Heilige Nagmaal** word DV volgende **Sondag 29 Augustus** weer gevier.

Die Kerkraad (ouderlinge) vergader na die aanddiens in die saal met die oog op Nagmaal volgende Sondag.

BYBELSTUDIES

Di	24/08	15:00	Huis Eikelaan	Prof Callie
Wo	25/08	18:30	Jeugkamer	Profesieë
Do	26/08	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 7
		18:30	Kontak: Virtueel	Paul Krüger of Frieda Theron

Katkisasie

			Vandag 22 Augustus	**Sondag 5 September**
Lesrooster: **Psalmvers:**			Les 15 en Sondag 15 Psalm 25: 1	Les 16 en Sondag 16 Psalm 25:2
Katkisasie toesig:			Ouderling Wyk 9: Graad 0 Ouderling Wyk 10: Graad 1 & 2	Ouderling Wyk 11: Graad 3 & 4 Ouderling Wyk 12: Graad 5 & 6
Wo	25/8	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 15 & 16
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 11

Die spesiale kollektes in Augustus 2021 gaan vir:

Sondag	8 Augustus	Emeritaatsfonds
Sondag	15 Augustus	GKSA Sustentasiefonds
Sondag	22 Augustus	***Deputate Jeugsorg***
Sondag	29 Augustus	Teologiese Studentekas

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU Vrydag aan D.V. 27 Augustus 2021

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5.** Dit is 'n **"winskoop"**

GESOEK: WEBMEESTER

Ons vorige webmeester, Terence Kent, en sy gesin het begin van die jaar uit ons gemeente vertrek. Dit het 'n leemte gelaat en veroorsaak dat van die inligting op ons gemeente se webblad verouder het. Die belangrike dinge soos die weeklikse plaas van preke en ons gemeenteblad, word wel intussen deur Gert Kruger gedoen. Dit sal egter die ideaal wees as 'n ander lidmaat of lidmate dit kon behartig en dus as webmeester optree. Terence meen dat dit iemand kan wees wat net 'n **bietjie rekenaarvaardig** is en dat hy sodanige persoon verder sal kan oplei indien nodig. Nog belangriker egter is dat hierdie persoon **graag** hierdie werk wil doen. Ons wag dan aansoeke vir die werk (diens) van webmeester in.
Skakel my in hierdie verband asseblief
.***Faans Steyn*** (namens Uitdra van Evangeliekommissie)

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.